

Sondag 15 Augustus

Skrifgedeelte: Job 21

Fokusgedeelte: Job 21:22

Glo ten spyte van ...

Ai Job, jy vra die regte vrae!!! Vers 7: “Waarom bly die goddeloses aan die lewe ...?” (Dit herinner sterk aan Psalm 73.)

Natuurlik kan slegte mense voorspoedig wees. Dis tog soos die Here dit vir 'n ieder en elk bepaal, en natuurlik kan rampe die gelowige tref. Ons kan nie van 'n mens se omstandighede afleidings oor God en sy goedheid of liefde maak nie.

Job se reaksie op sy omstandighede laat hom kop en skouers uitstaan bo sy vriende, want in 'n mens se reaksie op jou omstandighede lê jy jou hart bloot, blyk jou gesindheid teenoor God. Wie is jy, mens, wat vir God durf kwaad word of wil voorsê? Is Hy dan nie die Here wat selfs die sterkstes regeer nie? (vs 22).

Dit is nie so dat die ongelowiges ongestraf bly nie. Sy vriende is verkeerd in hulle redenasies. Dis ook nie so dat voorspoed en/of teenspoed die maatstaf is waaraan ons 'n persoon se geloof moet meet nie. Wat nodig is, is ons gesindheid teenoor God te midde van ons worsteling oor redes waarvan ons glad nie weet nie – om desnieteenstaande ons omstandighede te bly glo!

Dit is op sigself 'n gawe van God wat ons moet afbid in tye van geloofsworstelinge.

Sing: Psalm 73-1:1

Dr. PK Lourens (Pieter) (Emeritus)